# Laerskool Mikro
# Graad R
## Lewensvaardigheid
## Week 10
## 24 Junie

# Miere



# Meer oor miere

- Miere is slim diere en werk saam om kolonies onder die grond te bou. 'n Mierkolonie is waar dieselfde soort miere bymekaar bly.





# Meer oor miere

- Miere is baie klein. Hulle kan tot 20 keer hulle gewig optel. As jy so sterk soos 'n mier was dan sou jy 'n kar kon optel.
- Miere het nie ore nie. Hulle voel met hulle pote die vibrasies onder die grond.





# Meer oor miere

- As daar 'n probleem is, dink miere soos mense om planne te maak om die probleem op te los.
- Soos ons ook in die klas takies doen, doen miere ook verskillende takies en elkeen het 'n verantwoordelikheid.



# Meer oor miere

- In ‘n mierkolonie is daar een koningin.
- Sy lê al die eiers



# Erdwurms



# Meer oor erdwurms

- Erdwurms woon in vogtige grond. Vogtig beteken iets wat nie droog is nie, maar 'n bietjie klam.



# Meer oor erdwurms

- Erdwurms lyk nie baie mooi nie, maar hulle is baie goed vir die grond in ons tuin.
- Soos wat erdwurms deur die grond beweeg, maak hulle luggapings.






# Meer oor erdwurms

- Erdwurms kan na jou tuin gelok word met organiese materiaal soos blare en vrugteskille.



Mooi geleer!

Gaan loer nou in jou tuin of jy miere of erdwurms kan sien.

Hulle kan jou nie seermaak nie so jy hoef nie te skrik nie!